



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**AFRIKAANS HUISTAAL V3**

**FEBRUARIE/MAART 2014**

**PUNTE: 100**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.**

Kopiereg voorbehou 

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (50) |
| AFDELING B: | Langer Transaksionele Tekste | (30) |
| AFDELING C: | Korter Teks: Transaksioneel/ Naslaan-/Informatief | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin elke afdeling op ’n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou werk beplan (bv. ’n kopkaart/vloeidiagram/diagram/sleutelwoorde, ens.), redigeer en jou skryfstukke proeflees. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek ’n streep deur die beplanning as jy jou finale weergawe klaar oorgeskryf het.

7. Jy word sterk aangeraai om 80 minute aan AFDELING A te bestee, 40 minute aan AFDELING B en 30 minute aan AFDELING C.

8. Nommer elke teks soos wat dit op die vraestel genommer is.

9. Voorsien elke teks van ’n gepaste titel/opskrif.

   **LET WEL:** Die titel/opskrif word nie in aanmerking geneem as die woorde getel word nie.

10. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf ’n OPSTEL van 400–450 woorde.
- Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse van beplanning/redigering gee.
- Dui jou finale produk duidelik aan.

1.1 As ek net vroeër geweet het ... **[50]**

1.2 Moet jy áltyd die beste voetjie voorsit? **[50]**

1.3 Die dag toe ek moes groet ... **[50]**

1.4 “Vir jou wil ek blomme koop
tot my geld opraak,
vir jou wil ek kaalvoet loop ...
Ag, dit maak nie saak.”

- Pieter Smit - **[50]**

1.5 *Sannie se steweltjies het menige hart vertrap, maar Boeta was haar TIER!* **[50]**

1.6 1.6.1




[Uit: http://article.wn.com] **[50]**

1.6.2




[Uit: http://stiglitz.com] **[50]**

1.6.3



[Verwerk uit *equinox*, Junie/Julie 2012] **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE

### VRAAG 2

- Kies EEN van die opdragte hieronder en skryf 'n TEKS van 180–200 woorde.
- Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse van beplanning/redigering gee.
- Dui die finale produk duidelik aan.

2.1 **FORMELE BRIEF**

Jy stel belang in die pos wat in onderstaande advertensie geadverteer word. Die advertensie se inligting, veral kwalifikasies wat vereis word, is egter baie vaag. Doen by mnr. A Ferreira navraag.




[Verwerk uit *Beeld Beroepe*, 13 Julie 2012] **[30]**

## 2.2 AGENDA EN NOTULE

Die beheerliggaam van die skool hou 'n vergadering met die ouers, onderwysers en matriekleerlinge om die werkslading van die matrieks te bespreek en aanbevelings aan die hand te doen.

Hier is die AGENDA wat vooraf aan die ouers gestuur is.

*Agenda van 'n vergadering van die Beheerliggaam en ouers wat op Maandag 24 April 2014 om 10:00 in die Konferensiekamer gehou sal word.*

*AGENDA*

*1. Opening en verwelkoming*
*2. Bywoning en verskonings*
*3. Notule van die vorige vergadering*
*4. Sake uit die notule*
*4.1 Opgradering van hokkievelde*
*4.2. Verbod op gebruik van selfone by skool*
*5. Nuwe sake*
*5.1. Onderwysers se verwagtinge m.b.t. assesseringstake en huiswerk*
*5.2. Matrikulante en hul werkslading*
*5.3. Ouers se ondersteuning*
*6. Algemeen*
*6.1*
*6.2*
*6.3*
*7. Datum van volgende vergadering*
*8. Afsluiting*

| | |
|---|---|
| MA van Wyk | CR Beukes |
| *MA van Wyk* | *CR Beukes* |
| *Voorsitter* | *Sekretaresse* |

Skryf die NOTULE van die oggend se vergadering. **[30]**

## 2.3 TOESPRAAK

Jy is die leier in jou klas wat namens die groep matrikulante van julle skool die afskeidstoespraak tydens die laaste saalopening, wat deur ouers, personeel en medeskoliere bygewoon word, moet lewer.

Skryf die TOESPRAAK. **[30]**

## 2.4 ARTIKEL

Herwinning is op almal se lippe. Skryf 'n ARTIKEL vir die skoolkoerant om die noodsaaklikheid van herwinning onder die leerlinge se aandag te bring. **[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**

## AFDELING C: KORTER TEKS: TRANSAKSIONEEL/NASLAAN-/INFORMATIEF

### VRAAG 3

- Kies EEN van die opdragte hieronder en skryf 'n TEKS van 100–120 woorde.
- Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse van beplanning/redigering gee.
- Dui die finale produk duidelik aan.
- Grafiese ontwerp mag gebruik word, maar dit tel NIE punte NIE.

### 3.1 STROOIBILJET

Julle buitelugklub beplan 'n avontuurnaweek om die jaar se aktiwiteite in te lei. Stel 'n STROOIBILJET met al die nodige inligting saam. **[20]**

### 3.2 DAGBOEKINSKRYWING

Die laaste inskrywing in jou dagboek lui soos volg:

> Oumatjie, Ouma word al hoe kleiner en dit voel vir my asof ek met wrede deeglikheid alles moet neerskryf sodat ek dit later sal onthou.
>
> Ek kyk deur Ouma, asof in 'n tydtonnel, af na myself, as ék so oud sou word ...
>
> En weet Ouma wat leer ek alles by Ouma?
>
> [Verwerk uit *Vrouekeur*, 14 September 2012]

Skryf die daaropvolgende DRIE DAGBOEKINSKRYWINGS waarin jy aandag gee aan alles wat jy by jou ouma/oupa oor jouself leer. **[20]**

### 3.3 WENKE

Mense het deesdae hopeloos te veel nukke en grille.

Stel 'n lysie WENKE vir jou vriend(-in) saam wat hom/haar van sy/haar nukke en grille kan bevry. **[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou